higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

2 Desember 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

572Q1N2402

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Skryf al die antwoorde neer in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
4. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
5. Toon alle berekenings.
6. Gebruik die TABEL hier onder as riglyn oor hoeveel tyd jy aan elke vraag moet spandeer.
7. Gebruik SLEGS swart of blou ink. Moenie ‘n potlood gebruik nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSGIDS
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae & Kort teoretiese vrae	20	10 minute
2	BTW-berekenings & Proefbalans	30	20 minute
3	Algemenegrootboek-rekeninge	30	35 minute
AFDELING B			
4	Hulpjoernale	60	70 minute
5	Finale rekeninge	20	15 minute
6	Finansiële jaareinde & State	30	17 minute
7	Rekeningkundige vergelyking	10	13 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 L Beukes, 'n debiteur, het sy rekening ten bedrae van R850 betaal en 'n 5%-vereffeningsafslag gekry. Hoeveel het hy betaal?

A R810.50
B R807.50
C R850
D R897.50

1.1.2 J Loubser, 'n debiteur, is insolvent verklaar en sy rekening van R2 378 is as nie-invorderbaar afgeskryf.

Hoe teken jy hierdie transaksie in die algemene grootboek op?

A Krediteer debiteurekontrole en debiteer slegte skuld.
B Krediteer slegte skuld en debiteer debiteurekontrole.
C Krediteer debiteurekontrole en debiteer slegte skuld ingevorder.
D Krediteer slegte skuld ingevorder en debiteer debiteurekontrole.

1.1.3 R Maree, a debiteur, het nie haar rekening van R3 857 betaal nie. Hoeveel is betaalbaar indien rente van 2.5% op hierdie rekening gehef word?

A R3 857.50
B R3 760.57
C R96.43
D R3 953.43

1.1.4 'n Tjek wat van S Cloete, 'n debiteur, ontvang is, is deur die bank teruggestuur gemerk as V/T (onvoldoende fondse). Hoe sal jy die transaksie in die algemene grootboek opteken?

A Debiteer bankrekening en krediteer debiteurekontrolerekening.
B Krediteer debiteurekontrolerekening en debiteer bankrekening.
C Debiteer debiteurekontrolerekening en krediteer bankrekening.
D Nie een van bogenoemde.

1.1.5 Die inskrywing vir 'n betaling per tjek is soos volg:

A Debiteer bank, krediteer 'n krediteur se rekening.
B Debiteer 'n ander rekening, krediteer debiteure.
C Debiteer 'n debiteur se rekening, krediteer 'n ander rekening
D Debiteer 'n ander rekening, krediteer bank.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n item/term/beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Hierdie dokument sal deur die onderneming voltooi en gehou word wanneer 'n betaling per tjek gedoen word.	A	Kredietnota
1.2.2	Hierdie dokument word uitgereik wanneer aangekoopte goedere deur 'n kliënt teruggestuur word.	B	Bankstaat
1.2.3	Hierdie dokument word van die bank ontvang en toon al die transaksies op die onderneming se bankrekening.	C	Verkoopsfaktuur
1.2.4	Hierdie dokument sal aan 'n verskaffer gestuur word vir goedere wat teruggestuur word.	D	Aankoopfaktuur
1.2.5	Hierdie dokument word gebruik om die verkoop van goedere of dienste gelewer, op te teken.	E	Kwitansie
		F	Duplikaatdebietnota
		G	Tjekteenblad

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Lasterekeninge styg aan die kredietkant van 'n Algemenegrootboek-rekening.

1.3.2 Die Balansstaatrekeninge-afdeling en Nominalerekeninge-afdeling is die twee kategorieë van Algemenegrootboek-rekeninge.

1.3.3 Inset-BTW is BTW wat van klante ingevorder is.

1.3.4 Uitset-BTW is BTW wat betaal word wanneer goedere en dienste deur 'n onderneming aangekoop word.

1.3.5 Brandstof is 'n voorbeeld van BTW-vrygestelde goedere of dienste.

(5 × 1) (5)

1.4 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 Bates wat gewoonlik binne 12 maande gekoop of gebruik word

1.4.2 Die oorblywende waarde van 'n eienaar se belang in die onderneming nadat alle laste afgetrek is

1.4.3 Die bedrag geld wat die onderneming verskuldig is, wat in twee kategorieë verdeel word

1.4.4 Geld wat deur die onderneming ontvang word vir die lewering van dienste en/of verkoop van goedere

1.4.5 Geld wat aan die dag-tot-dagbestuur van die onderneming spandeer word.

(5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 2

2.1 Jy word voorsien van die volgende inligting uit die boeke van Bravo Traders, 'n geregistreerde BTW-handelaar vir die maand van November 2023.

Gevra:

Bereken die gevraagde BTW-inklusiewe en BTW-eksklusiewe bedrae. Toon alle berekenings en rond die bedrag af tot twee desimale.

Joernaal	**Brondokument**	**BTW-ekslusiewe bedrag**	**BTW-inklusiewe bedrag**
DKJ	Kredietnota uitgereik	R2 600	**2.1.1**
KOJ	Kasregisterrol	R8 700	**2.1.2**
KJ	Oorspronklike faktuur	**2.1.3**	R16 000
DJ	Duplikaatfaktuur	**2.1.4**	R9 200
AJ	Joernaalkrediet	R960	**2.1.5**

(10)

2.2 Jou TBOO-kollege het jou as 'n NC(V) Vlak 3-intern by Bravo Traders geplaas vir die jaar geëindig 30 November 2023. Jou taak hierdie maand is om foute in die proefbalans reg te stel.

Gevra:
Gebruik die balans-templaat in die ANTWOORDBOEK wat verskaf word om al die foute reg te stel.

Kopiereg voorbehou

INLIGTING:

	Fol.	DEBIET	KREDIET
BALANSSTAATAFDELING			
Kapitaal		226 800	
Onttrekkings		15 500	
Slegte skuld ingevorder			18 200
Vaste deposito			58 000
Verkope		120 800	
Huurinkomste		92 000	
NOMINALEREKENINGE-AFDELING			
Koste van verkope			56 000
Salarisse		149 500	
Telefoon			16 000
Bank (ongunstige saldo)		57 200	
Voertuie			220 000

2.3 Jy word hier onder voorsien van die inligting uit die boeke van Bravo Traders, 'n geregistreerde BTW-handelaar, vir die finansiële jaar geëindig 30 November 2023.
Die onderneming verkoop eksotiese tafels @ R350 elk. Dit verkoop gemiddeld 100 tafels per maand, met 'n prystoeslagpersentasie van 30%.

Gevra:
Gebruik die inligting wat verskaf is om die volgende vrae te beantwoord. Toon ALLE berekenings. Rond jou antwoorde af tot TWEE desimale.

2.3.1 Indien die onderneming 20 tafels verkoop het (BTW uitgesluit) wat was die totale bedrag van die verkope? (2)

2.3.2 Hoeveel is die BTW-bedrag van die 20 tafels wat verkoop is? (2)

2.3.3 Bereken die BTW-inklusiewe bedrag van die 20 tafels wat verkoop is. (2)

2.3.4 Bereken die kosprys van die 20 tafels wat verkoop is. (2)

2.3.5 Bereken die wins of verlies wat die onderneming gemaak het. (2)

[30]

VRAAG 3

Die wêreldwye ekonomiese krisis en aanhoudende stygings in die brandstofprys het Attwell Traders gedwing om goedere op krediet te koop. Die inligting vir November 2023 hier onder is verkry uit die boeke van Attwell Traders.

Gevra:

3.1 Gebruik die inligting hier onder om die Krediteurekontrolerekening in die ANTWOORDBOEK te korrigeer en rekonstrueer. (10)

3.2 As ‘n interne ouditeur van Attwell Traders, het jy fakture gevind wat van verskaffers ontvang is, wat nie by enige inskrywings in die onderneming se voorraadrekords pas nie. Jy vermoed dat sommige goedere nie by die onderneming se perseel afgelewer is nie.

Watter maatreëls moet by Attwell Traders geïmplementeer word om te voorkom dat die onderneming betaal vir goedere wat dit nie ontvang het nie? Verskaf TWEE moontlike oplossings. (2)

3.3 **Inligting:**

DT	KREDITEUREKONTROLE						KT
2023 Nov. 28	Bank en afslag ontvang	KOJ	30 800	2023 Nov. 28	Saldo	a/b	8 330
31	Diverse rekeninge	KKJ	4 800		Totale aankope	KJ	48 400
	Joernaalkrediete	AJ	580		Joernaaldebiete	AJ	450
	Saldo	a/d	21 000				
			57 180				**57 180**
					Saldo	a/b	21 000

Die volgende Krediteurekontrolerekening en Krediteurelys is deur ‘n onervare boekhouer in die boeke van AB Traders opgestel.

Die Krediteurelys weerspieël die volgende saldo’s voor regstellings:	
Besonderhede	**Bedrae**
Sultan Limited	R7 500
Mvelo Traders	R3 800
Sinawo Distributors	R2 850
Mohamed Dealers	R6 300
	R20 450

Addisionele inligting:

Die volgende inligting is nie in aanmerking geneem toe die joernale opgestel is nie:

(a) Die beginsaldo in die Krediteurekontrolerekening is met R1 500 te veel opgetel.

(b) Die bedrag van die goedere wat van Mohamed Dealers aangekoop is, is as R6 750 in die boeke opgeteken. Die korrekte bedrag wat op die faktuur verskyn, is R6 570.

Kopiereg voorbehou

(c) ‘n Bedrag van R2 400 is deur middel van ‘n EFO na Sultan Limited oorgeplaas. Die transaksie is nie in die onderneming se boeke opgeteken nie.

(d) ‘n Debietnota van R360 wat aan Mohamed Dealers uitgereik is, is nie in die joernaal opgeteken nie, maar na hulle rekening in die Krediteuregrootboek oorgeboek.

(e) ‘n Debietnota van R250, wat aan Mvelo Traders gestuur is, is as aankope in hul rekening aangeteken. Hierdie transaksie is korrek in die joernaal opgeteken.

(f) Die totaal van die Kredieurekortingsjoernaal is met R300 te min opgetel, en is so oorgeboek.

3.4 Mev Mdingi het na die Oos-Kaap toe getrek. Sy het Kaffeine Espresso Bar geopen en jou as boekhouer aangestel. Die inligting hier onder hou verband met die finansiële rekords vir die maand geëindig 31 Oktober 2023. Die onderneming gebruik ‘n prystoeslag op kosprys van 50%.

Gevra:

Stel die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek op. Skryf die folioverwysings nee ren balanseer die Grootboekrekeninge behoorlik.

3.4.1 Handelsvoorraadrekening (10)

3.4.2 Debiteurekontrolerekening (8)
[30]

Inligting A

Die volgende saldo’s het in die boeke op 1 Oktober 2023 verskyn.

Debiteurekontrole	R67 800
Krediteurekontrole	R80 600
Handelsvoorraad	R173 200

Inligting B

Kontantontvangstejoernaal vir Oktober 2023					
Bank	**Verkope**	**Koste van verkope**	**Debiteure-kontrole**	**Afslag toegestaan**	**Diverse**
290 000	234 000	156 000	?	10 000	1 000

Kontantbetalingsjoernaal vir Oktober 2023					
Bank	**Handels-voorraad**	**Kediteure-kontrole**	**Afslag ontvang**	**Skyfbehoef tes**	**Diverse**
433 000	80 000	355 500	4 000	1 500	900

Debiteurejoernaal vir Oktober 2023	
Verkope	**Koste van verkope**
?	90 600

Debiteurekortingsjoernaal vir Okober 2023	
Debiteurekortings	**Koste van verkope**
17 100	**?**

Krediteurejoernaal vir Oktober 2023				
Krediteure-kontrole	**Handels-voorraad**	**Toerusting**	**Verbruiks-voorraad**	**Diverse**
258 600	84 300	150 000	24 000	3000

Krediteurekortingsjoernaal vir Oktober 2023				
Krediteure-kontrole	**Handels-voorraad**	**Toerusting**	**Skryfbehoeftes**	**Diverse**
81 000	**?**	10 000	1 500	500

Algemene Joernaal vir Oktober 2023			
Debiteurekontrole		**Krediteurekontrole**	
Dt	**Kt**	**Dt**	**Kt**
3 800	960	1 050	170

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Die volgende inligting hou verband met die finansiële rekords van Cape Medical Suppliers vir November 2023. Die onderneming is ‘n geregistreerde BTW-nhandelaar en doen sake slegs met ander geregistreerde BTW-handelaars wat belastingfakture kan verskaf. Die onderneming hef 15% BTW op alle verkope. Alle bedrae sluit BTW in, tensy die teendeel genoem word. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel en ‘n prystoeslag van 50% op die kosprys.

GEVRA:
Gebruik die inligting hier bo om die volgende joernale in die ANTWOORDBOEK te voltooi.

Rond alle bedrae af tot TWEE desimale.
Moet nie die joernale aan die einde van die maand afsluit nie.

LET WEL: Verduidelikende opmerkings word in die Algemene Joernaal vereis.

4.1 Kontantontvangstejoernaal (12)

4.2 Kontantbetalingsjoernaal (19)

4.3	Debiteurejoernaal	(8)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(5)
4.5	Krediteurejoernaal	(7)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(3)
4.7	Algemene Joernaal	(6)
		[60]

DATUM BESONDERHEDE

1. Die eienaar, Dr L. Lucy, deponeer R500 000 in die onderneming se lopende rekening as kapitaalbydrae. Kwitansie RC01 uitgereik.

2. Koop handelsvoorraad van Roche en betaal per tjek CH01, R34 200.

4. Bankstaat van FNB Bank weerspieël die volgende heffings:
   Diensgeld – R1000
   Elektroniese-oorplasingskoste R700
   Kontantdeposito-gelde: R850
   Rente op oortrekking: R4 700

5. Betaal FGT Transport vir besigheidsafleweringsuitgawes per tjek CH02, R1 197.00.

8. Kontantverkope volgens kasregisterrol no. 02 bedra R20 600,00 BTW uitgesluit (koste van verkope R8 880,00), CRR01.

9 Koop handelsvoorraad op krediet aan van Scott & Allen, R 26 334.00, INV01.

   Reik debietnota DN01 aan Scott & Allen uit vir handelsvoorraad teruggestuur, R2 896.74.

10. Reik tjek no. CH03 uit aan Scott & Allen ter volle vereffening van ons rekening, minus ‘n 3%-vereffeningskorting. Die krediteur se staat toon ‘n saldo van R 110 000.00 aan die begin van November 2023.

11. Reik kredietnota no. CN01 uit aan Z. Mhlawuli vir R940,00 BTW uitgesluit (koste van verkope, R752)

    Kontantverkope van handelsvoorraad vir R122 265.00, CRR02.

12. Koop ‘n kantoorrekenaar en betaal per tjek CH04, R6 270.00

13. Trek ‘n kontanttjek CH05 vir die kleinkas-kissie, R 3 750.00.

15. Ontvang 12% per jaar rente op vaste deposito van R96 900 wat op 1 November 2022 by United Bank gedoen is. Reik Kwitansie RC02 uit.

17. Koop drukkerspapier vir die kantoor op krediet van CAN vir R2500,00. Ontvang Faktuur 02.

Kopiereg voorbehou

18. Verkoop handelsvoorraad met ‘n verkoopprys (gemerkte prys) van R 21 067.20 op krediet aan Berg Medi Clinic, BG01.

20. Berg Medi Clinic stuur handelsvoorraad met ‘n verkoopprys (gemerkte prys) van R2 317.39 terug, CN02.

21. Berg Medi Clinic vereffen sy rekening van R106 749.81 ten volle, minus 4% vereffeningskorting. Die debiteurelys toon ‘n saldo van R 88 000.00 vir hierdie debiteur aan die begin van November 2023, RCO3.

23. Die eienaar, Dr L. Lucy, neem kontant uit die kontantlaai R2 550.00. CH06 uitgereik.

25. Verkoop handelsvoorraad met ‘n verkoopprys (gemerkte prys) van R16 385. 88 op krediet aan Dr G. Norman, BG02.

28 Dr Jair is insolvent verklaar en die skuld gaan as oninvorderbaar afgeskryf word. Die debiteurelys toon ‘n saldo van R76 700.00 aan die begin van November 2023 vir hierdie debiteur, JV1.

VRAAG 5

Die eienaar, mnr. Eben Etzebeth het na Frankryk gereis om in die Rugby Wêreldbeker te speel, en het jou aangestel om die rekeningkundige bestuur van Elizabedi Traders vir die jaar geëindig 30 November 2023 te hanteer.

GEVRA:
Op grond van die inligting wat volg, stel die volgende Grootboekrekeninge in die boeke van Elizabedi Traders op 30 November 2023 op, en sluit die rekeninge af.

5.1	Kapitaalrekening	(4)
5.2	Handelsrekening	(6)
5.3	Wins-en-verliesrekening	(10)
		[20]

Inligting:

PROEFBALANS VAN ELIZABEDI TRADERS SOOS OP 30 NOVEMBER 2023

Balansstaatafdeling	Debiet	Krediet
Kapitaal		199 732
Onttrekkings	25 756	
Voertuie	179 000	
Toerusting	119 556	
Handelsvoorraad	129 896	
Bank	4 798	
Kleinkas	600	
Los kontant	772	
Debiteurekontrole	19 000	
Krediteurekontrole		24 364
NOMINALEREKENINGE-AFDELING		
Verkope		320 000
Koste van verkope	105 000	
Debiteurekortings	15 000	
Water en elektrisiteit	42 000	
Salarisse	60 000	
Rente ontvang		86 950
Reklame	10 468	
Slegte skuld ingevorder		17 800
Huurinkomste		78 000
Afslag toegestaan	15 000	
	650 414	**650 414**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Na afloop van hul oorwinning in die Rugby Wêreldbeker, besluit Bokke Dealers om jou aan te stel om hul finansiële state vir die jaar geëindig 31 Oktober 2023 op te teken. Die volgende Ná-aansuiweringsproefbalans het in die rekords van Bokke Dealers op 31 Oktober 2023 verskyn, die laaste dag van die finansiële jaar.

GEVRA:
Gebruik hierdie inligting om die volgende dokumente op te stel:

6.1	Inkomstestaat vir Bokke Dealers	(14)
6.2	Aantekeninge by die Balansstaat vir Bokke Dealers	(10)
6.3	Balansstaat vir Bokke Dealers	(6)
		[30]

NA-AANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN BOKKE DEALERS SOOS OP 31 OKTOBER 2023

BALANSSTAATAFDELING	FOLIO	DEBIET	KREDIET
Kapitaal	B1		495 396.59
Onttrekkings	B2	12 691.44	
Grond en geboue	B3	607 500	
Toerusting	B4	195 750	
Voertuie	B5	218 250	
Vaste deposito: Marsha Bank (14%)	B6	100 000	
Handelsvoorraad	B7	12 375	
Debiteurekontrole	B8	22 100.50	
Bank	B9	11 427.91	
Los kontant	B10	2 475	
Kleinkas	B11	6 842.09	
Verbandlening: Marsha Bank (16%)	B12		225 000
Krediteurekontrole	B13		107 786.77
NOMINALEREKENINGE-AFDELING			
Verkope	N1		830 295
Koste van verkope	N2	344 064.15	
Debiteurekorting	N3	36 585	
Huurinkomste	N4		34 033.50
Salarisse	N5	38 853	
Rente op vaste deposito	N6		3 825
Reklame	N7	4 865.77	
Slegte skuld	N8	12 100	
Bankkoste	N9	580	
Verpakkingsmateriaal	N10	8 000	
Rente op lening	N11	25 536	
Water en elektrisiteit	N12	15 200	
Diverse uitgawes	N13	21 141	
		1 696 336.86	**1 696 336.86**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Die transaksies gegee in 7.1 en 7.2 het in die boeke van Multi Surface Traders verskyn. Die onderneming handhaaf ‘n bruto winsprystoeslag op kosprys van 40%.

GEVRA:

Ontleed die transaksies hier onder volgens die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK. Die eerste transaksie is vir jou as ‘n voorbeeld voltooi.

Toon die styging met +, daling met –, en geen uitwerking met 0.

Voorbeeld:
Koop skryfbehoeftes vir kontant, R3 000.

Nommer	**Brondokument**	**ALGEMENE GROOTBOEK**		**Bates**	**Eienaarsekwiteit**	**Laste**
		Rekening debiteer	**Rekening krediteer**			
Bv.	Tjekteenblad	Skryfbehoeftes	Bank	- 3 000	- 3 000	0

7.1 Verkoop goedere vir kontant aan klante, R91 000 INV 023. (6)

7.2 Koop handelsware op krediet aan van S. Matamela vir R45 000 en ontvang 5%-handelsafslag. (4)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou